
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17


"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

DIE PASGA IS VERVUL AAN DIE KRUIS OP GOLGOTA

Hierdie jaar word die Pasga herdenk deur die Jode vanaf die laat middag Saterdag die 23ste tot die 30ste April, wat 7 dae duur volgens die Joodse almanak. Dit is die mees belangrikste van die ewige feeste wat God die Israeliete beveel het volgens Levitikus 23 vers 2, en ons weet dat die Messias die Here Jesus Christus as ons Persoonlike Redder en Geneesheer, in die Nuwe Verbond die plek ingeneem het van die Christelike geloof se Paas Lam. Die detail en ooreenkoms in die Bybel is verstommend. In die Ou Testament is hierdie waarheid verborge, maar in die Nuwe Testament is die betekenis openbaar. Jesus Christus was gekruisig om ons vry te maak van die gevangeniskap van sonde en siekte, net soos die Israeliete vrygemaak was van gevangeniskap. Hy was gekruisig as die Lam van God, en Sy Bloed het ons vrygemaak van die gevangeniskap van Satan. Nie een been in Sy Liggaam was gebreek nie, net soos die Lam van die Pasga, maar deur Sy wonde aan Sy onherkenbare, verminkte Liggaam, het Hy vir ons genesing betaal.Jesus het die nagmaal ingestel toe Hy en Sy dissipels die pasga gehou het.

Luk.22:7: En die dag van die ongesuurde brode het gekom waarop die pasga geslag moes word.



<u>"..Dit is die mees belangrikste van die ewige feeste wat God die Israeliete beveel het volgens Levitikus 23 vers 2, en ons weet dat die Messias die Here Jesus Christus as ons Persoonlike Redder en Geneesheer, in die Nuwe Verbond die plek ingeneem het van die Christelike geloof se Paas Lam...."</u>

Wat is die pasga? Die Eerste Pasga het plaasgevind met die bevryding van God se uitverkore volk, die Hebreërs uit Egipte en slawerny. Kom ons lees Ex.12:3.

Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.

Hierdie lam is geslag, voorberei en geëet. Dit moes volmaak, sonder enige gebrek, wees. In die Nuwe Testament het Jesus Christus, vlekkeloos en sondeloos, die Paas Lam geword en ons eet nog steeds van Sy vlees (simbolies) elke keer wanneer ons die gebreekte nagmaal brood gebruik.

Ex.12:7: En hulle moet die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte, en aan die bodrumpel aan die huise waarin hulle dit eet. Die Bloed van Jesus red ons van die Ewige Dood.

v.8: En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.

v.13: Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

v.14: En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot die eer van die Here vier. Julle moet dit in julle geslagte as ;n ewige insetting vier.

Wat beteken PAASFEES (pasga) vir my PERSOONLIK as 'n gelowige? Die Bybel sê dat ALMAL gesondig het en dat die straf vir die sonde, die DOOD is (Rom. 3:23 en 6:23). Net soos met die Hebreërs in Egipte,

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl 1 - Die pasga is vervul..)
kom die doodsengel ook aan ons deur klop, en as daar een ding is wat die meeste mense in gemeen het is dit die VREES vir die dood!

Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy (Jesus) dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. (Heb.2.14-15) Satan hou die mens gevange met hierdie vrees vir die dood.

"..Joh. 5:24: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe..."

Dan het die mens aan die anderkant ook weer 'n VREES VIR GOD [en nou bedoel ek nie die diepe eerbied en respek wat elke mens teenoor Sy Heilige Skepper behoort te hê nie]. Nee, die mens is bang vir God, want ons weet dat ons sondaars is en Satan het ons van God verwyder. Hy het dus die volste reg om ons te straf, daarom probeer ons Hom liewer ontduik. Ons kruip weg agter godsdiens, besigheid, sukses, materialisme, beroemdheid – ag, baie ou dingetjies. Solank ons maar net ons gemoed kan besig hou en nie met God moet rekening hou nie. Tog het ons GEEN VREDE nie! (Jes. 48:2)

Maar, God se Liefde vir die mens is onbegryplik! Ons verdien tog niks meer as die dood nie, maar Hy het vir ons 'n uitweg gemaak deur die Bloed van Jesus Christus wat ons REINIG van alle sonde (1Joh.1:7)

Soos die Hebreërs van ouds die bloed van die paaslam aan die kosyne van hulle deure moes smeer, en daaragter vry kon wees van die doodsengel, só kan ons die BLOED VAN JESUS aan ons harte wend en vry wees van die dood. Ons vrees vir die dood is nie meer nodig nie, want deur Sy Opstanding uit die dode het Jesus die mag daarvan verbreek, vir ons.

I Kor. 15:51-57; Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

En wanneer hierdie vergankl ike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?

Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde die wet.

Maar God Sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.

Dieselfde geld ook ten opsigte van ons VREES VIR GOD. Ons word met Hom versoen en hoef nie langer weg te kruip nie! Dit gebeur wanneer ons die Here Jesus Christus aanneem as die Lam van God wat gesterf het vir ons sondes: Hy is ons onskuldige plaasvervangende offer. God aanvaar Jesus se sterwe IN ONS PLEK. Jesus het in ons plek gesterwe.

Ef. 2:13: Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die Bloed van Christus.

Rom. 8:1: Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Joh. 5:24: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.

Watter wonderlike, bemoedigende Skrif! As ons dus Jesus Christus aanneem as ons Paaslam, ontvang ons VREDE met God. God wou Sy volk leer, dat deur die hou van die PASGA hulle VREDE met God kon hê. Presies dieselfde geld vir sy Kinders van vandag: Jesus Christus bring vir ons VREDE MET GOD.

Rom. 5:1,8 en 9: Omdat ons dan uit die geloof (in Jesus Christus) geregverdig is, het ons VREDE by God deur ons Here Jesus Christus … maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy Bloed deur Hom gered word van die toorn.

So is hierdie dan die eerste ontmoeting wat plaasvind tussen 'n mens en God, wanneer die mens Jesus Christus aanneem as Sy Verlosser. Nou kry die mens VREDE met God en hierin lê die simboliek van die PAASFEES (pasga).


Ons het in Ex. 12:48 gelees dat geen persoon aan die pasga mag deel neem sonder dat hy besny was nie: maar geen onbesnedene mag daarvan eet nie. Die besnydenis was die uiterlike teken van die verbondsvolk van God, nl. Israel. Daarsonder was 'n vreemdeling nie in die verbond nie, en kon hy nie die seëninge van die verbond deelagtig word nie.

Tog lees ons dat God eintlik 'n baie intiemer iets van Sy volk verlang het, nl. "n BESNYDE HART.

Deut. 10:16: Besny dan die

(Vervolg op Bl. 6)

WHAT IS FAITH?



Hebrews 11:1: Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen. I read somewhere that this text can be interpreted as follows: **Faith is the proof of the property that you know you own, although you have not seen it.** Another good definition of faith is the following: Faith is to expect that God will do for you what you know He has promised in His Word, if you do what He has commanded you to do. FAITH IS TO BELIEVE THAT GOD IS NOT A LIAR.

faith for healing, one needs to know what the Scriptures plainly teach, that it is just as much God's will to heal the body as it is His will to renew the soul…. It is only by KNOWING that God promises that which you are seeking, that all uncertainty can be removed, and a steadfast faith is made possible. (1 John 5:14): **And this is the confidence that we have in Him, that, IF WE ASK ANYTHING ACCORDING TO HIS WILL, He heareth us.**

Each of His promises is a revelation of what God is EAGER to do for us. Until we know what God's will is, there is nothing on which to base our faith. In **1 John 5:14** we read: **And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask anything ACCORDING TO HIS WILL, He heareth us.** Jesus said: "The Word is the seed." It is the seed of Divine Life. Until the person

God has never asked us to exercise faith for something that He has not promised in His Word. He first gives us a promise, and when that promise produces in us the faith that results in ACTION, He fulfills it for us. It is important that you should remember that God never asks us to believe that He will do something for us unless He has first promised it. That is why Paul said: So then faith cometh by hearing (to hear) … the word (the promise) Romans 10:17.

God has never asked us to exercise faith for something that He has not promised in His Word. He first gives us a promise, and when that promise produces in us the faith that results in ACTION, He fulfills it for us. It is important that you should remember that God never asks us to believe that He will do something for us unless He has first promised it. That is why Paul said: **So then faith cometh by hearing** (to hear) **… the word** (the promise) Romans 10:17. Faith cannot grow or develop in any other way. How will I ever be sure that a millionaire will give me R1000 if He doesn't SAY that he will do it? His ability to do it, is no proof of his willingness. I must first have his promise before I can expect such a gift from him. The only way your daughter will know that she is going to get a new dress is when you promise her one. She believes that you will keep your word and yet it is possible that circumstances will prevent you from buying the dress for her tomorrow, therefore you will be unable to fulfill your promise. This is never true of the Lord!

Balaam, a true prophet of God, said: **God is not a man, that He should lie; neither the son of man, that He should repent: hath He said, and shall He not do it? Or hath He spoken, and shall He not make it good? (Numbers 23:19)**

Before anyone can have a steadfast faith for the healing of his body, he must be rid of all uncertainty concerning God's will in the matter. Appropriating faith, cannot go beyond one's knowledge of the revealed will of God. Before attempting to exercise seeking healing is SURE from God's Word that it is God's will to heal HIM, he is trying to reap a harvest where there is no seed planted. It would be impossible for a farmer to have faith for a harvest before he was SURE the seed had been planted.

It is not God's will that there be a harvest without the planting of the seed – without His will being known and acted upon. Jesus said **….. If you abide in My word, you are My disciples indeed. And ye shall KNOW the TRUTH, and the TRUTH shall make you free (John 8:31-32).** Freedom from sickness comes from knowing the truth of God's Word. GOD DOES NOTHING OUTSIDE OF HIS WORD.

The Word heals – see Proverbs 4:22 and Psalm 107:20. When a sick person learns from God's Word that it is God's will to heal him, it is the "seed" which is to be planted in his heart and mind. The Word (seed) does not take root until it is known and received and trusted. No sinner can become a Christian until he KNOWS that it is God's will to save him. It is the Word of God planted and watered and steadfastly trusted, which heals both soul and body. The SEED must remain planted and be kept watered before it can produce its harvest.

For one to say, "I believe the Lord is ABLE to heal me" before he knows from God's Word that He is WILLING to heal Him, is like a farmer saying "I believe God is able to give me a harvest, without any seed being planted and watered." God can't save the

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - What is faith)
soul of a man until the man KNOWS God's will to do so, because salvation is by faith in Jesus Christ – that is, by trusting the KNOWN will of God. The same applies to physical healing!

Praying for healing with the faith destroying words, "if it be Thy will," is not planting the seed; it is destroying the seed through unbelief. "The prayer of faith" which heals the sick is to FOLLOW (not precede) the planting of the SEED (the Word) upon which alone faith is based. That is why in Mark 16 we read the instructions of Jesus which says that we are to first preach the Gospel and then heal the sick, in that order. This is because faith to receive healing is built up by first hearing the Word of God.

This is the Gospel which the apostle Paul says "is the power of God unto salvation," in all its phases, both physical and spiritual. And ALL the Gospel is for "every creature" and for "all nations". The Gospel does not leave a man in uncertainty so as to pray "if it be Thy Will"; it tells him what God's Will is, and you must pray according to the Will of God e.g. "Lord, please heal me according to Thy Will." His Word is His Will.

God's Words: **Himself bare our sicknesses (Matt. 8:17),** are just as truly part of the Gospel as His Words, **Who His own self bare our sins in His own body on the tree (1 Peter 2:24).**

The seed of God's Word is dormant until it is planted. Instead of saying, "Pray for me," we should first say, "Teach me God's Word, so that I can, with knowledge, co-operate with it to receive my healing." We must know what the benefits of Calvary are before we can appropriate them by faith.

David specified, **"Who forgiveth all thine iniquities, who healeth all thy diseases." (Psalm 103:3)** After being sufficiently enlightened, our attitude toward sicknesses should be the same as our attitude toward sin. Our purpose to have our body healed should be as definite as our purpose to have our soul renewed. We should embrace the entire Gospel.

2 Tim. 3:16: All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness. Jesus, Who was our Substitute on the cross and in death, bore both our sins and our sicknesses that we might be delivered from them. Christ's bearing of our sins and sicknesses is surely a valid reason for trusting Him now for deliverance from both.

When we ask God to forgive our sins according to His Will, we must believe on the authority of His Word that He has heard our prayer. We are to do the same when praying for healing. **Attend to My Words, incline thine ear unto My sayings. Let them not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. For they are life unto those that find them, and health to all their flesh (Proverbs 4:20-22)**

In the above Scripture, God tells us exactly how to "attend" to His Words. He says, "Let them not depart from thine eyes." Instead of having your eyes on your symptoms and being pre-occupied with them, let not God's Words "depart from thine eyes", that is, read them continually and, like Abraham, wax strong in faith by looking at the promises of God and at nothing else. God said it, I believe it, and that settles it!

When we attend unto God's Words by not letting them depart from our eyes and by keeping them in the midst of our hearts, the seed is in "good ground", the kind of ground of which, Jesus says, "it bringeth forth fruit," and Pauls says, "it effectually worketh."

When we attend unto God's Words by not letting them depart from our eyes and by keeping them in the midst of our hearts, the seed is in "good ground", the kind of ground of which, Jesus says, "it bringeth forth fruit," and Pauls says, "it effectually worketh."

When the farmer plants his seed in the ground, he does not dig it up everyday to see how it is doing, but says: "I am glad that is settled," and believes that the seed will grow.

Why not have the same faith in the imperishable seed – God's Words, which He says are "spirit and life." Believe that they are producing the result God intended them to produce, without wavering.

When you focus on your symptoms and your thoughts are filled with them rather than with God's Word, you are doubting His pending harvest. You have planted the seed of doubt in the ground. You are trying to reap one kind of harvest from another kind of seed. It is impossible to sow weeds and reap wheat. Your symptoms may point to death, however God's Word points to LIFE, and you cannot look in two opposite directions simultaneously.

It is obvious that when your seed has been planted, you BELIEVE that it is growing before you can actually SEE the results. Faith works in the same way. It is the evidence of things not seen. Anyone can dispel all doubt by keeping their eyes steadfastly on the only proof God has given us for our faith. Looking at what God says in His Word, will produce faith and growth. It will then be more natural to believe than to doubt, for the proof of faith is much stronger than the proof of unbelief. Do not doubt your FAITH in God's Word – doubt your doubt, for doubt is unreliable, but God's Word is forever established. G

UIT ONS POSSAK

Met die getuienis wat ek vandag bring, wil ek net vir die mense verseker dat Goddelike genesings en wonderwerke vandag nog plaasvind. Ek het dit persoonlik ondervind. Ek het geweldig hard geval, reg agteroor op 'n teerblad in 'n parkeer area. Ek was 6 ure bewusteloos. Ek is in die hospitaal opgeneem, die brein spesialis het gevind dat my skedel op drie plekke gekraak was. Sedertdien is my gehoor aangetas en ook my reuk vermoë. Nadat ek uit die hospitaal ontslaan is na 'n lang tyd en toe tuis moes aansterk, het ek geweldig pyn in die linkerlies en heup en in my been gehad. Met die gedagte dat dit maar nog kneus plekke is van die val, het ek maar op ander gesteun om te loop. Na 'n lang ruk het die pyn erger geword en is ek terug dokter toe. Hy het my onmiddellik gestuur vir plate, die plate is geneem waarna ek terug is met die plate, die dokter het daar en dan die been spesialis gebel, en ek is na hom toe met die plate. Dit was die 12de Augustus 2004. Hy het vir my beduie wat op die plate aangaan wat gebeur het, en dat hy 'n totale heup vervanging sal moet doen so gou as moontlik. Hy het gesê hy gaan die teater en 'n bed probeer bespreek vir Maandag die 16de November 2004. Ek het 29 jare gelede 'n heup vervanging gehad, en met die geweldige val het die heup los gebreek, totaal uit die potjie, en iets geruk sodat die been byna in twee dele was. So 'n operasie sou vandag so tussen R80 000 en R100 000 kos. Waarvan my medies net R23 000 betaal. Ek het nie geld vir so 'n operasie nie en so kon ek nie leef met die pyn nie. Sondag die 15de Augustus 2004 het ons van Pietermaritzburg na Stanger gery, terwyl ek in geweldig pyn verkeer het. Met die ondersteuning van my mense is ek vorentoe geneem, ek het aan dokter James my probleem vertel. Terwyl Dr James vir my begin bid, kon ek gevoel het iets in die heup en been gebeur, en die pyn begin verdwyn. Dit was toe Jesus besig was om 'n splinter nuwe heup te vervang. Ek kon self uit die stoel opstaan sonder enige ondersteuning, buk in die kerk rondstap sonder enige pyn, onmiddellik volmaak genees. Dit was 'n wonderwerk wat net God kan doen. Ek gee aan Hom al die lof die eer en aanbidding. Ek wil aan dr James my dank en waardering uitspreek dat hy so 'n getroue dienskneg is, wat God so magtiglik kon gebruik in Sy dien. Ek is 10 dae later terug na die dokters om te gaan getuig wat God gedoen het. Dit was die 25ste Augustus 2004, daar is weer 'n plaat geneem en die uitslag het gewys dat God 'n wonderwerk gedoen het. Die plate wys 'n perfekte, volmaakte heup, alles in plek. Kan u sien ons aanbid 'n lewende God vir wie niks onmoontlik is nie. Vertrou net op Hom, Hy maak alles nuut.

Aan Dr James en die span baie dankie vir julle liefde en gebede. Mag God julle seën. Liefde groete.

Mev Katy Meyer, Pietermaritzburg

Ons dien 'n wonderlike God en Vader!! Hy verhoor gebede, en Hy is die beste dokter in die ganse heelal! Prys Sy Naam! Die toetse van die biopsie van Lena is negatief! Geen spoor of teken van kwaadaardigheid nie! En Louis lyk al spanne beter. Hy kry nou weer moed. Baie dankie vir julle gebede! Groete in die hoogste Naam!

Mev A Uys, Marquard

Ek wil lof en dank aan ons Hemelse Vader bring. My lewe was besig om afdraende pad te loop, en ek het gevoel ek kon dit nie keer nie. Ek het toe besluit om my groot te laat doop op 19 November 2004, waarvoor ek baie dankbaar is teenoor die Here. Die Here het my van my sonde las bevry en my skoon gewas. Die Here het my begin seën uit my sokkies uit en een van my grootste seëninge is dat my baie swak blaas, heeltemal genees is, en so ook my siel en my hart. Ek bring lof aan my Koning in die Hemel. Ek wil ook dankie sê aan Dr James van Zyl en ook Pastoor David Gericke wat my gedoop het. Mag die Here julle seën, en nog meer mense na God toe bring. Seën groete.

Mev L Coetzee, Alberton

Ek wil Dokter bedank vir die mees welkome boeke wat ek ontvang het. Doktor ek glo dat binne 1 jaar baie meer te wete sal kom oor die Woord van Jesus. Ek het 'n getuienis. Die dag toe ek hier in die gevangenis my hart in die openbaar vir Jesus gee, was ek oombliklik verlos van rook. Ek het sigarette vir meer as 10 jaar gerook.

Nogmaals baie, baie dankie vir alles. Liefde groete.

Broer Karel Flink, Worcester

Alle lof kom die Here toe. My kind, Kobus, het sy ambag vir diesel werktuigkundige geskryf en deur gekom met 84%. Dit is net die Here se genade. Dankie vir saam bid.

Mev M Potgieter, Volksrust

Ek rig die skrywe aan u hier van Springs af om te getuig hoedat u dierbare gebede en die groot genade van ons almagtige Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees, ons kleindogter, Ineke van Wyk (8 jaar oud) se ogies genees het. Ek het vroeg in Augustus 2004 na u sentrum geskakel en met Joey gepraat om te vertel hoe daar skielik vasgestel is dat die kindjie, toe in graad 1, se een ogie net 30% kon sien. Haar ouers is onmiddellik na 'n oogspesialis en

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Pasga is vervul)

voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie.

Jer. 4:4: Besny julle vir die Here en verwyder die onbesnedenheid van julle hart ….

Jesus noem hierdie "besnydenis van die hart" die wedergeboorte.

Joh. 3:1-7: En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodemus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.Jesus antwoord en sê vir hom: voorwaar, voorwaar ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodemus sê vir Hom; Hoe kan 'n mens as hy oud is , gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?

Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.Wat uit vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie.

Dit gebeur wanneer ons Jesus Christus aanneem as ons Verlosser: ons word WEERGEBORE. Nou kroon ons Hom as die Here (Heerser) van ons lewens en deur Sy Heilige Gees kom woon Hy in ons, verander ons en word ons NUUT in Jesus Christus.

Die fisiese besnydenis is dus slegs 'n simbool van die ware geestelike besnydenis. Jy kan gerus in die volgende tekste naslaan en sien hoe Paulus keer op keer die fisiese en geestelike besnydenis met mekaar vergelyk en die nuttelosheid van die oue teenoor die noodsaaklikheid van die nuwe stel. Lees Filip. 3:3; Rom. 2:28-29; Gal 6:15 en 2 Kor. 55:17.

Dit is dus van kardinale belang dat jy hierdie vraag sal beantwoord, Geliefde, nl. IS JY WEERGEBORE? HET JY VREDE MET GOD? IS JOU HART BESNY? As jy kan antwoord: "Ja! Amen" dan roep ek uit: "Halleluja!" As antwoord "Nee!" of "Ek behoort aan 'n kerk en is daar getrou, maar is nie seker of ek weergebore is nie," "BID ek vir jou en moedig jou aan om aan my te skryf sodat ek jou deur middel van literatuur kan lei tot wedergeboorte, sodat JY ook nie langer die dood hoef te vrees nie.

Vir die wedergebore Kind van God is daar ook die wonderlike voorreg van die gereelde deelname aan die Nagmaal waaruit hy dan ook feitlik daagliks oorwinningskrag put. Op hierdie wyse word die PAASFEES (pasga) vir God se kind nog 'n groter geseënde werklikheid.

(Lees ons boeke DIE NAGMAAL EN GENESING en WAAROM MOET EK WEERGEBORE WORD?) a

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuinesse)

ook die hulp van 'n tweede is ingeroep. Hulle kon nie vasstel of sy so gebore is nie en het beveel dat skandering van die ogie dadelik gedoen moes word. Dit is gedoen en gelukkig was daar geen groeisels of gewasse gevind nie. Ineke se ma wat 'n oudioloog by Phonack is, ('n baie Christelike sentrum), het aan almal daar gevra om te bid, en sy het hulle meegedeel dat u ook bid. Die spesialiste kon niks aan die ogie doen nie, dit het nie op lense gereageer nie. Hulle het besluit dat die oog moontlik lui was en hulle is aangeraai om die gesonde oog 1 maal per week toe te plak vir 'n paar uur, sodat die ogie met die gebrekkige sig sou moes werk. In Oktober toe die spesialiste weer toetse gedoen het, is bevind dat albei ogies, ook die ander een wat net 80% sig gehad het, heeltemal normaal is. Die geneeshere was uiters verbaas en het besluit dat daar moontlik 'n virus in die ogies was, maar ons, en almal wat vir haar gebid het weet dat ons Vader in Sy groot genade ons kindjie se ogies herstel het, en dit volmaak gedoen het. Ons loof en prys die Here vir die wonderlike genesing en ons bedank u en u personeel en almal wat gebid het vir u gebede. Baie, baie dankie!! Ons dogtertjie is nou in graad 2 met volmaakte sig. Mag u en u span nog baie lank vir mense by ons wonderlike Vader intree. Groete.

Mev M van Wyk, Riverfield

Liewe gebedspan, Loof ons wonderlike Here! 'n rukkie gelede het ek gebed gevra vir 'n moesie wat gegroei het, nadat die dokter dit gebrand het. 'n Paar dae gelede my keel het vreeslik gejeuk en ek vryf toe daaroor skielik voel ek 'n dingetjie in my hand. Dit lyk soos 'n goggatjie met 'n bruin doppie, maar daar het geen goggatjie ingevlieg, en op my nek kom sit nie. Toe ek in die spieël kyk, toe is die moesie net weg! In antwoord op gebed, die moesie is WEG!! Loof en prys ons Groot Geneesheer en Saligmaker en Koning!! Baie dankie vir u liefde en aanmoediging, ons bid gereeld vir u, en ons is baie lief vir u.

Mev A Uys, Marquard

uit dr james se kantoor

Liewe wonderlike in die Here,

Die wonderlike waarheid dat ons 'n God wat Lewendig is dien is dat elke dag nuut met Hom is en bring saam met dit vars verwagting van Sy Groot goedertierenheid, genade en vermoë wat deur Sy wonderlike dade tot ons gedemonstreer word. Ek stem saam met Jeremia se siening in Klaagliedere hoofstuk 3:22 en 23: **"…. Want Sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke more nuut; U trou is groot."**
Dit beteken dat elke oggend, ons as Sy kinders kan uitsien na ons gemeenskap en wandel met ons Liefdevolle Hemelse Vader met opwinding en sekerheid dat "hierdie" dag goeie en wonderbaarlike gebeurtenisse sal inhou.
Ons behoort 'n gesindheid aan te neem om meer en meer, elke nuwe dag, bewus te wees van Sy seëninge en goedheid vir ons, en Hom dan daarvoor met dankbare harte te loof! As ons dit 'n gewoonte maak sal ons meer sensitief word vir selfs die kleinste van Sy seëninge en voorsiening, en harte vol vreugde en danksegging te ontwikkel.
Hierdie gees van lof en verwagting sal nie net ons verhouding met ons Hemelse Vader versterk nie, en ere aan Hom en Sy Seun Jesus bring nie, maar sal ook 'n rippelende effek hê deur om die lewens van andere om ons, in ons huise, werksplekke en selfs plekke wat ons dikwels besoek aan te raak.
God bewoon die lofsange van Sy mense, dus terwyl ons 'n gees van lofprysing in ons lewens koester, kan ons seker wees dat God elke minuut van elke dag met ons is!! Hou dit in gedagte! Ons kan dan verseker wees van die teenwoordigheid van 'n Lewende God wat besig is om vir ons te lei en te onderneem hierdie einste dag en elke nuwe dag.
Nogmaals baie dankie aan almal wat saam met ons vir die behoeftes van kosbare mensies elke oggend om 7 uur bid, terwyl ons brood breek en die dood van Jesus in herinnering bring. Die gebede van God se regverdiges het groot krag en die getuienisse wat ons ontvang getuig hiervan. Baie dankie vir julle briewe en getuienisse tot eer van God, en baie dankie ook vir julle waardevolle ondersteuning vir die werk van die Here wat vanaf die Sentrum voortgaan.
Mag die Here elkeen van julle ryklik seën, en mag elke nuwe dag vol wees van die vreugde en seëninge wat Sy teenwoordigheid in ons lewens sal bring, terwyl ons meer en meer bewus word van Sy groot liefde vir ons.

Baie liefde groete
Dr James

<u>God bewoon die lofsange van Sy mense, dus terwyl ons 'n gees van lofprysing in ons lewens koester, kan ons seker wees dat God elke minuut van elke dag met ons is!!</u>

Dr James

ONS NUWE BOEKE

Verkrygbaar vanaf die sentrum in Afrikaans of Engels:

M64-Die Krag van vergifnis (R4)
M65- The Power of Forgiveness. (R4)

24-Slaankrag in Lofprysinge (R8)
30-Restoration of Praise (R8)

Tape by Dr van Zyl

Tsunami and the rapture— R10.00

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende

1 & 15 April 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

<u>SPESIALE WOORD VAN DANK</u>

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beantwoord.

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐ M47 The Name of our God
☐ M50 Charismatic Witchcraft
☐ M52 The laughing spirit explained
☐ M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐ M60 How Great is your God
☐ M61 Faith as a Mustardseed
M62 What does God expect of the family
☐ M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐ 16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐ 61 What does God demand
☐ 62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐ A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐ A25 The Faithfulness of the Father
☐ A28 He is Risen
☐ A30 Healing through the Cross
☐ A33 Holy Cows of religion
☐ A34 The Unlimited power of God's Word
☐ A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐ A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐ A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐ D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐ D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐ D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐ D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐ D38 The Presence of God – DGericke
☐ D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐ D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐ 13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐ D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

' NEWSLETTER ' CHEQUE ' BANK DEPOSIT ' P/ORDER

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..……

' NUUSBRIEF' TJEK ' BANK DEPOSITO ' POSWISSEL

Totaal: R……